RAGAB, DIE HOER

Uit die Bruidkonferensie Sessie 3
https://youtu.be/EHGf6CeG5HI?si=kUlFF8mvHIJ87PU8

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

Lees asseblief die onderstaande Skrif gedeeltes sorgvuldig deur, ten einde die verduideliking te verstaan.

-o0o-

SKRIF VERWYSINGS VAN OORDENKING: Josua 2:1-24 en Josua 6:17-25

JOSUA 2:1 Daarop het Josua, die seun van Nun, uit Sittim in die geheim twee manne as verkenners uitgestuur en gesê: Gaan bekyk die land en Jérigo. Hulle het toe gegaan en in die huis van 'n hoer, met die naam van Ragab, ingekom; en hulle het daar gaan slaap.

Jos 2:2 En toe daar aan die koning van Jérigo gesê is: Kyk, manne uit die kinders van Israel het vannag hierheen gekom om die land te verken,

Jos 2:3 stuur die koning van Jérigo na Ragab om te sê: Lewer die manne uit wat na jou gekom het, wat in jou huis ingegaan het; want hulle het gekom om die hele land te verken.

Jos 2:4 Maar die vrou het die twee manne geneem en hulle weggesteek; en sy het gesê: Seker, die manne het na my gekom; maar ek het nie geweet waar hulle vandaan was nie.

Jos 2:5 En toe die poort met donker gesluit moes word, het die manne uitgegaan; ek weet nie waar die manne heengegaan het nie; jaag hulle gou agterna, want julle sal hulle inhaal.

Jos 2:6 Maar sy het hulle op die dak laat klim en hulle weggesteek onder die vlasstoppels wat op haar dak oopgegooi was.

Jos 2:7 Die manne het hulle toe agternagejaag in die rigting van die Jordaan, na die driwwe; en die poort het hulle gesluit nadat hulle vervolgers uitgegaan het.

Jos 2:8 En voordat hulle gaan slaap het, het sy op die dak geklim na hulle toe

Jos 2:9 en aan die manne gesê: Ek weet dat die HERE die land aan julle gegee het en dat die skrik vir julle op ons geval het en dat al die inwoners van die land vir julle bewe;

Jos 2:10 want ons het gehoor dat die HERE die water van die Skelfsee voor julle by jul uittog uit Egipte laat opdroog het en wat julle die twee konings van die Amoriete, Sihon en Og, oorkant die Jordaan aangedoen het, dat julle hulle met die banvloek getref het.

Jos 2:11 Toe ons dit hoor, het ons hart gesmelt, sodat daar by niemand enige moed meer oorgebly het teenoor julle nie; want die HERE julle God, Hy is God in die hemel daarbo en op die aarde hieronder.

Jos 2:12 Sweer dan nou tog vir my by die HERE dat, terwyl ek aan julle 'n guns bewys het, julle ook aan my familie 'n guns sal bewys; en gee my 'n betroubare teken

Jos 2:13 dat julle die lewe van my vader en my moeder en my broers en my susters en almal wat aan hulle behoort, sal spaar en ons siele sal red van die dood.

Jos 2:14 Toe sê die manne vir haar: Mag ons siel in julle plek sterwe! As julle nie hierdie saak van ons bekend maak nie, dan sal ons, as die HERE ons die land gee, aan jou guns en trou bewys.

Jos 2:15 Daarop het sy hulle met 'n lyn deur die venster laat afsak; want haar huis was in die stadsmuur ingebou, sodat sy aan die muur gewoon het;

Jos 2:16 en sy het vir hulle gesê: Loop die gebergte in, dat die vervolgers julle nie aantref nie, en steek julle daar drie dae lank weg totdat die vervolgers teruggekom het; daarna kan julle dan

-o0o-

verder gaan.

Jos 2:17 Toe sê die manne vir haar: Ons sal ontslae wees van hierdie eed aan jou wat jy ons laat sweer het—

Jos 2:18 kyk, as ons die land inkom, moet jy hierdie gedraaide rooi lyn waarmee jy ons laat afsak het, aan die venster vasbind, en jy moet jou vader en jou moeder en jou broers en jou hele familie by jou in die huis versamel.

Jos 2:19 Elkeen wat dan uit die deure van jou huis buitentoe gaan, dié se bloed sal op sy hoof wees, en ons onskuldig; maar elkeen wat by jou in die huis sal wees, dié se bloed sal op ons hoof wees, ingeval 'n hand teen hom is.

Jos 2:20 Maar as jy hierdie saak van ons bekend maak, sal ons ontslae wees van die eed aan jou wat jy ons laat sweer het.

Jos 2:21 Daarop sê sy: Soos julle sê, is dit goed; en sy het hulle laat gaan, en hulle het weggegaan; en sy het die rooi lyn aan die venster vasgebind.

Jos 2:22 Hulle het toe weggegaan en in die gebergte gekom en daar drie dae lank gebly totdat die vervolgers teruggekeer het; want die vervolgers het op die hele pad gesoek maar niks gekry nie.

Jos 2:23 Die twee manne het toe weer van die gebergte afgeklim en deurgegaan en by Josua, die seun van Nun, gekom en hom alles vertel wat hulle ondervind het.

Jos 2:24 Verder het hulle vir Josua gesê: Sekerlik gee die HERE die hele land in ons hand, ja, al die inwoners van die land bewe selfs vir ons.

-o0o-

Josua 6:17 Maar die stad met al wat daarin is, moet 'n banoffer aan die HERE wees; net Ragab, die hoer, mag lewe, sy en almal wat by haar in die huis is, omdat sy die boodskappers wat deur ons gestuur was, weggesteek het.

Jos 6:18 Maar neem julle net in ag vir die ban, dat julle nie, terwyl julle met die banvloek tref, tog van die bangoed neem en die laer van Israel onder die ban bring en dit in die ongeluk stort nie.

Jos 6:19 Maar al die silwer en goud en die koper— en ystervoorwerpe is heilig aan die HERE: dit moet by die skat van die HERE kom.

Jos 6:20 Toe skreeu die volk, en hulle het op die horings geblaas; en toe die volk die geluid van die horing hoor, het die volk 'n groot krygsgeskreeu aangehef; en die muur het op sy plek ingeval, en die volk het in die stad geklim, elkeen reg voor hom uit, en hulle het die stad ingeneem.

Jos 6:21 En alles wat in die stad was, het hulle deur die skerpte van die swaard met die banvloek getref, man sowel as vrou, jonk sowel as oud, tot bees, skaap en esel toe.

Jos 6:22 En aan die twee manne wat die land verken het, het Josua gesê: Gaan in die huis van die hoer, en bring die vrou en almal wat aan haar behoort, daaruit, soos julle vir haar gesweer het.

Jos 6:23 Die jongmanne, die spioene, het toe ingegaan en Ragab met haar vader en haar moeder en haar broers en almal wat aan haar behoort het uitgebring—al haar familiebetrekkinge het hulle uitgebring en hulle buitekant die laer van Israel laat bly.

Jos 6:24 En die stad met alles wat daarin was, het hulle met vuur verbrand; net die silwer en die goud en die koper— en ystervoorwerpe het hulle by die skat van die huis van die HERE gevoeg.

Jos 6:25 Maar Josua het Ragab, die hoer, laat lewe en haar familie en almal wat aan haar behoort het; sodat sy onder Israel gewoon het tot vandag toe, omdat sy die boodskappers weggesteek het wat Josua gestuur het om Jérigo te verken.

-o0o-

1. WEDERGEBOORTE

Ragab het in die stad Jérigo gebly. Dit was ‘n stad vol van okkulte en vuilheid.

- Sy was ‘n hoer - ‘n onrein vrou.
- Ragab simboliseer die nie-Jode of Heidene (Gentiles).
- Jerigo is simboliek aan die Babiloniese sisteem van vandag.

Die land moes in besit geneem word en daarom het Josua twee verspieders na Ragab toe gestuur.

- Die twee verspieders is simboliek aan die **Woord** en die **Gees**.
- Die Woord en die Gees het by die hoer aan gekom en gesê dat sy vir hulle moet oop maak, want hulle het haar nodig.

Ek en jy, wat ook daar (*in die wêreld*) was, het oopgemaak en gesê dat hulle (*Woord en Gees*) moet inkom. Wat moes gebeur, het gebeur. Ons kom tot wedergeboorte en ons loop die pad wat geloop moet word.

2. DIE BRUID WORD BESKERM

Josua 2:12 Sweer dan nou tog vir my by die HERE dat, terwyl ek aan julle ‘n guns bewys het, julle ook aan my familie ‘n guns sal bewys; en gee my ‘n betroubare teken

Jos 2:13 dat julle die lewe van my vader en my moeder en my broers en my susters en almal wat aan hulle behoort, sal spaar en ons siele sal red van die dood.

Hulle sê vir haar dat daar ‘n oordeel gaan kom en dat hulle hierdie stad in besit gaan neem. Hulle sê vir Ragab, die Bruid, dat hulle haar sal beskerm, omdat sy aan hulle *'n guns bewys het*.

- Sy sal niks oorkom nie.
- Die hele stad sal platval, maar aan haar sal geen skade gedoen word nie.

Ons het dit ook gesien by die klein stadjie van Lot. Die hele streek het gebrand met vuur, maar die klein, klein dorpie het niks oorgekom nie. Nie ‘n stukkie swael het in daardie klein dorpie geval nie. (Génesis 19)

- Dit is die beskerming.
  - Die Bruid word beskerm deur die Verbond, die liefdesverhouding van die Bruidegom met die Bruid.
  - Geen onheil sal die Bruid tref nie.

Nadat hulle die land verken het, moes *sy hulle met ’n lyn deur die venster laat afsak*. Voordat sy dit gedoen het, sê sy vir hulle dat hulle vir haar by die Here moet sweer dat hulle ook aan haar *familie 'n guns sal bewys*.

Josua 2:14 Toe sê die manne vir haar: Mag ons siel in julle plek sterwe! As julle nie hierdie saak van ons bekend maak nie, dan sal ons, as die HERE ons die land gee, aan jou guns en trou bewys.

Jos 2:15 Daarop het sy hulle met ‘n lyn deur die venster laat afsak; want haar huis was in die stadsmuur ingebou, sodat sy aan die muur gewoon het;

Jos 2:16 en sy het vir hulle gesê: Loop die gebergte in, dat die vervolgers julle nie aantref nie, en steek julle daar drie dae lank weg totdat die vervolgers teruggekom het; daarna kan julle dan verder gaan.

Jos 2:17 Toe sê die manne vir haar: Ons sal ontslae wees van hierdie eed aan jou wat jy ons laat sweer het—

Jos 2:18 kyk, as ons die land inkom, moet jy hierdie gedraaide rooi lyn waarmee jy ons laat afsak het, aan die venster vasbind, en jy moet jou vader en jou moeder en jou broers en jou hele familie by jou in die huis versamel.

Hulle sê vir haar dat as hulle inkom om die stad in te neem, sy die ***gedraaide rooi lyn***, waarmee sy hulle laat afsak het, aan die venster moet vasbind.

Josua 2:19 Elkeen wat dan uit die deure van jou huis buitentoe gaan, dié se bloed sal op sy hoof wees, en ons onskuldig; maar elkeen wat by jou in die huis sal wees, dié se bloed sal op ons hoof wees,

-o0o-

ingeval ‘n hand teen hom is.

Jos 2:20 Maar as jy hierdie saak van ons bekend maak, sal ons ontslae wees van die eed aan jou wat jy ons laat sweer het.

As sy dit nie *aan die venster vasbind* nie, sal oordeel op haar kom en dan is dit haar saak.

- Hulle het hulle woord vir haar gegee.
- Elkeen wat in haar huis is *dié se bloed* sal op hulle wees, *ingeval 'n hand teen hom is.*

3. BABILONIESE SISTEEM

Josua 2:21 Daarop sê sy: Soos julle sê, is dit goed; en sy het hulle laat gaan, en hulle het weggegaan; en sy het die rooi lyn aan die venster vasgebind.

Jos 2:22 Hulle het toe weggegaan en in die gebergte gekom en daar drie dae lank gebly totdat die vervolgers teruggekeer het; want die vervolgers het op die hele pad gesoek maar niks gekry nie.

Jos 2:23 Die twee manne het toe weer van die gebergte afgeklim en deurgegaan en by Josua, die seun van Nun, gekom en hom alles vertel wat hulle ondervind het.

Jos 2:24 Verder het hulle vir Josua gesê: Sekerlik gee die HERE die hele land in ons hand, ja, al die inwoners van die land bewe selfs vir ons.

As Ragab, al haar familie en almal wat in haar huis kom, die rooi lyn *aan die venster vasbind*, sal geen oordeel op julle kom nie.

- Ons, as Bruid van Christus, Ragab die hoer, het niks anders waarop ons kan staat maak of kan vertrou nie.

Ons is in ‘n wêreld van Babilon. Hierdie Babiloniese sisteem verdruk en verwurg ons elke dag. Dit voel soms asof ‘n mens nie meer asem kan haal nie. Ons moet krankhede deurgaan, terwyl mediese kostes die hoogtes inskiet. Ons, kinders van God, moet maar met die ellende saam lewe en deur al hierdie goed gaan. Dit is ‘n realiteit en ‘n werklikheid. Die Babiloniese sisteem sit hierdie verskriklike druk op ons.

Die kind van God is nie altyd die eerste persoon wat die tenders vir kontrakte gaan kry nie. Hy is nie die ou wat guns gaan vind vir sy kinders by die skool nie. Moet nie ‘n fout maak nie, hy is nie die gunsteling van die wêreld nie. As hy dink hy is die gunsteling, bluf hy homself.

- Net soos wat Jerigo se mure vir Ragab vasgevang het, druk die Babiloniese sisteem ons elke dag.

4. REDDING

Dit het haar vasgehou in daardie Babiloniese sisteem en al wat sy kon doen was om haar liggaam te verkoop vir geld. Sy het geen ander heenkome gehad nie. Sy het niks gehad nie, maar toe daag hierdie twee manne op. Dit is net soos wat ek en jy niks gehad het nie. Dankie Here, dat daar eendag ‘n klop aan ons deur was.

- Die Meester het op ons grondgebied verskyn.
  - Hy het gesê dat ons lig gekom het en dat ons moet opstaan en verlig word (Rise and shine for your light has come).

Isaiah 60:1 "Arise [*from spiritual depression to a new life*], **shine** [*be radiant with the glory and brilliance of the LORD*]; **for your light has come, And the glory *and* brilliance of the LORD has risen upon you.** [Zec_8:23]

Jesaja 60:1 Staan op, word verlig; want jou lig kom, en die heerlikheid van die HERE gaan oor jou op.

-o0o-

- Hy wil met ons ‘n verbond aangaan, want Hy het ons lief, voor die grondlegging van die wêreld.
- Hy het ons lief met die diepste van Sy wese. Al is ons heidene, vuil en smerig, het Hy ons lief net soos wat ons is.

Dankie Here dat ons nie teruggehou het nie. Ons het vir die Here gesê dat ons hier is.

Die liefde van Christus Jesus kon ons oorskadu het. Ja, die Babiloniese sisteem is nog daar. Dit druk nog steeds elke dag. Ons voel dit, maar Ragab het net een ding gehad waarop sy kon vertrou het. Dit was daardie rooi lyn, daardie bloed verbond, waarvan die Woord en die Gees, die twee verspieders, haar vertel het.

As jy weer Nagmaal gebruik, gaan jy miskien daardie beker met ‘n ander gesindheid neem en vir die Here sê dat dit al is wat jy het.

- Niks anders kan vir ons beskerming gee nie.
- Niks anders kan vir ons verlossing gee nie.
- Daar is vir ons geen ander heenkome nie.

Hierdie wêreld, hierdie Babiloniese sisteem, druk. Ons voel sy druk elke dag, maar ons gaan nie los nie. Ons gaan vas hou. Al gee die liggaam in, of wat ook al, gaan ons nie moed opgee nie. Ons gaan aan daardie rooi lyn vas hou, want dit is al wat ons het. Daar is geen ander hoop as daardie rooi lyn, daardie bloed verbond, nie.

- Daardie beker wat Christus Jesus met Sy Bruid, met Sy liggaam, in die bovertrek kom verklaar het, is al wat ons het.
- Hy het gesê dat dit Sy liggaam, Sy Bloed van die nuwe testament is, wat vir ons gegee is.

Markus 14:22 En terwyl hulle eet, neem Jesus brood, en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee dit aan hulle en sê: Neem, eet, dit is my liggaam.

Mar 14:23 Toe neem Hy die beker, en nadat Hy gedank het, gee Hy dit aan hulle, en hulle het almal daaruit gedrink.

Mar 14:24 En Hy sê vir hulle: Dit is my bloed, die bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgestort word.

5. ONDERSTEUN MEKAAR

Dit is al wat ons het en dit is al wat Ragab gehad het. Moet dit nie verloor nie. Hou vas. Vir die mense wat dink dit gaan makliker word, het ek nuus. Die Bybel sê dat dit nie makliker gaan word nie. Staan net vas.

Ons wat dieselfde taal praat en dieselfde gees het, moet mekaar ondersteun. Dit is waarom ek in die konferensie vir mense tyd gee om bande te vorm (om te ”bond”) met mekaar. As jy môre of oormôre ‘n krisis het, sal jy dan die vrymoedigheid hê om vir iemand, wat jy daar leer ken het, te bel. As jy voel dat jy nie meer kan aangaan nie, omdat satan besig is om jou te verskeur in hierdie lewe, kan jy dan die vrymoedigheid hê om vir iemand te vra om vir jou te bid. Daardie persoon kan ‘n steunpilaar vir jou wees.

- Kom ons begin om mekaar te ondersteun.
- Al wat ons het is hierdie bloed verbond, hierdie rooi lyn. Kom ons hou vas daaraan.

Ek onthou toe Trudie deur daardie diepe rou gegaan het. Die diepe waters wat sy deurgegaan het was nie maklik nie. Die ondersteuning van die liggaam maak dit vir ons makliker. Hier is mense met oorvol getuienisse. Al wat ek vandag vir jou wil sê is dat jy moet vas hou. Moet nie los nie. Dit is die moeite werd om daaraan vas te hou.

-o0o-

6. BRUID WORD WEGGERAAP

Bitter min mense weet wat die uiteinde van Ragab, die hoer, se lewe was. Sy het die bloedlyn van Christus Jesus geword. As jy dit gaan naslaan sal jy dit sien. As sy daar gevou het, sou God weereens 'n nuwe pad moes gekies het.

Josua 6:17 Maar die stad met al wat daarin is, moet 'n banoffer aan die HERE wees; net Ragab, die hoer, mag lewe, sy en almal wat by haar in die huis is, omdat sy die boodskappers wat deur ons gestuur was, weggesteek het.

Jos 6:18 Maar neem julle net in ag vir die ban, dat julle nie, terwyl julle met die banvloek tref, tog van die bangoed neem en die laer van Israel onder die ban bring en dit in die ongeluk stort nie.

Josua 6:25 Maar Josua het Ragab, die hoer, laat lewe en haar familie en almal wat aan haar behoort het; sodat sy onder Israel gewoon het tot vandag toe, omdat sy die boodskappers weggesteek het wat Josua gestuur het om Jérigo te verken.

Net die Bruid word weggeraap. Waarom ek so sê is omdat **Ragel** weggeraap is toe sy vir Benjamin gebaar het. Toe **Rebekka** tussen al daardie diensmeisies die liefdesaansoek ontvang het, is net sy en haar diensmeisies uit daardie land weggevat. Alhoewel daar baie diensmeisies was en net een put, is net sy en haar diensmeisies weggeneem. Dit is net soos **Ragab** die hoer en haar huis. Net soos **Noag** en sy huis.

- Almal wat in daardie bediening en onder die dak van daardie huis staan, word weggeraap.

Mense vra baie keer wat sal gebeur as 'n mens gister eers deel geword het. Jy is dan deel, want jou huis word weggeraap. Almal wat onder daardie bloedverbond staan is deel, al verstaan jy dit baie keer nie, want dit is nie waaroor dit gaan nie.

- Dit gaan daaroor of jy "**ja**" gesê het.

7. VERDRUKKING

Wat van Josef en Benjamin? Wat van hierdie volheid van die nie-Jode of heidene waarvan ons gelees het? Wat van Israel, wat nie Bruid is nie?.

- Hulle gaan Egipte toe.
- Die simboliek daaraan is dat hulle almal in die verdrukking gaan kom, maar God sal hulle beskerm.
  - ❖ Die Heilige Gees is nie meer daar nie, want dit is weg saam met die Bruid.
  - ❖ Hulle het die kans gehad, maar hulle het "nee" gesê, of hulle was vasgevang vir een of ander rede.

Die punt is dat niemand in die verdrukking tyd tot bekering sal kan kom nie, want die Heilige Gees sal nie meer daar wees nie. Dit is waarom die Bybel praat van hulle wat deur die verdrukking kom. Hulle gaan almal in die verdrukking kom. Baie van hulle sal onthoof word.

Matthéüs 24:21 Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie.

Mat 24:22 En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word.

God sê dat as Hy nie hulle tyd ingekort het nie, sou hulle dit nie almal gemaak het nie.

Al is dit dan laat en 'n bietjie na die tyd, as ek dit so kan stel, het hulle nog steeds die lydensbeker gedrink. Hulle was bereid om onthoof te word in hierdie verdrukking. As hulle bereid gaan wees om deur dit te gaan en nie die merk van die dier te vat nie, sal hulle ook 'n loon kry.

-o0o-